




Van toeskouer na deelnemer met Mind Moves®

Adashe* is deur sy onderwyseres na my verwys omdat sy bekommerd was oor sy duimsuigery en veral omdat hy meer dikwels 'n toeskouer as deelnemer was. Tydens aktiwiteite sou hy eerder verkies om eenkant te sit en die ander dop te hou, terwyl hy duimsuig. Sy juffrou het ook genoem, hoe sy ookal probeer het om iets te verduidelik of gewys het, hy steeds gesukkel het om die mas op te kom.

Na die oueronderhoud en assessering was dit gou duidelik dat hy baie verwese en gedisorïenteerd voorkom. Uit sy selfskets kon ek aflei dat hy nie baie bewus is van sy eie lyfie nie en hy nog 'n baie swak liggaamsbeeld het. Ek het ook gevra dat hy die oneindigheidssimbool teken en selfs nadat hy dit eers ge oefen het met sy vinger op die tafel en ook op 'n doodle bord, kon hy slegs 'n strepie op die papier weergee.




7/3/16




Die Mororeflaks se oefeninge is aan die mamma gedemonstreer, met voorstelle van speletjies en ander pretaktiwiteite, onder meer touspring, bonesakkies gooi, borrels blaas, paddaspring, huppel en galop. Omdat die seuntjie ook SOS tekens van emosionele onvolwassenheid getoon het (duimsuig, heelyd agter mamma weggekrui, dromertjie) het ek beklemtoon hoe belangrik dit is dat mamma en pappa die aktiwiteite saam met hom doen, om so 'n gevoel van eiewaarde by hom te skep. 'n Afspraak by 'n opvoedkundige sielkundige is ook gereël.

Ses weke later kon ek die vordering skaars glo. As voortoets het ek Adashe 30 sekondes gegee om te kyk hoeveel keer hy met die "Trap my Vang" die bonesakkie kon vang, en het hy dit 2 keer reggekry. Met die na-toets het dit verdubbel na 4 keer/30 sekondes. Uit die selfskets en oneindigheidsteken kan mens ook 'n groot verskil sien. Sy mamma en juffrou het bevestig dat hy nou selde duimsuig, en dat hy selfs saam met mamma gaan draf!



14/4/16



Wat vir my veral treffend was, was hoeveel meer selfvertroue hy gehad het, en die keer was hy duidelik baie trots daarop dat hy sy naam mooi kon skryf.

Vir eers het ek voorgestel om steeds voort te gaan met die Mororeflaks se oefeninge en ander pretaktiwiteite soos kruwa-loop en stoei met pappa, om hom meer bewus te maak van sy lyfie en spiertonus te versterk.

Ek deel graag die ouer se terugvoer:

Mind Moves Institute South Africa

Johannesburg

Dear Sir/Madam

RE: Adashe*

It is with gratitude to write this letter to your company regarding the intervention on my son's learning barriers.

The school contacted me because my child was struggling with memory, concentration, poor balance and that he did not participate when other children are playing. He would rather only sit down, and watch them while sucking his thumb.

His teacher suggested that he take extra remedial classes and also referred him to Olga Gouws of Mind Moves. An appointment was set and she conducted an assessment with me and my child.

My son was very anxious at first, as he did not know what was expected of him. Mrs. Gouws was very friendly and did all the assessment exercises with courtesy. He was even able to set a goal for himself, saying that he wants to be able to write his own name.

After the assessment, Mrs. Gouws showed us some exercises that we need to do at home at least three times a day. She also suggested some educational toys and fun activities to help strengthen the body muscles and his eye and hand coordination. She also helped me to secure an appointment to see the Educational Psychologist.

My son is now able to write his name, and his teacher say that she hardly ever see his thumb in his mouth any more. He is much more relaxed and willing to participate and play with others.

I really appreciate the way Mrs Gouws helped my son, and is now very happy with the progress I see each day.

I would not hesitate to refer my friends and family to Mrs. Gouws, due to the fact that she possessed high quality of professionalism and assistance in helping children with learning barriers.

I further recommend that the Mind Moves can remain at the school for future generation as it helps students to overcome learning difficulties.

Regards



18 April 2016

(Parent)

Ek glo met die ouers se volgehoue toewyding, gaan Adashe nog groot hoogtes bereik!

[Olga Gouws](#)

Gevorderde Mind Moves Instrukteur

Steelpoort

*Skuilnaam